



SUID - AFRIKAANSE SPOORWEË

TRANS- KAROO- SNELTREIN



By die Burgersentrum, Kimberley

KLERKSDORP

Hoogte 4,345 voet (1 324 m). Bevolking (1967): Blankes 27,500, alle rasse 60,400. In 1837 het 'n groep Voortrekker gesinne hulle gevestig op die walle van 'n stroom wat hulle Schoonspruit genoem het. Hulle het die grond in erwe verdeel, huise van ruwe klip met grasdakke gebou, tuine en boorde uitgelê en hulle beeste laat wei. Dit was die begin van Klerksdorp wat na die eerste landros, Jacob de Clerq, vernoem is.

Klerksdorp lê naby die goudvelde van die Oranje-Vrystaat en is vandag 'n vooruitstrewende dorp in 'n ryk landbou-, goud- en uraangebied – die middelpunt van die goudmynbedryf in Wes-Transvaal. Daar is ook spoel-diamante in die omgewing. Dit is miskien nie algemeen bekend dat Klerksdorp eens op 'n tyd sy eie aandelebeurs gehad het nie.

Die Vaalrivier voorsien die distrik van water. Mielies, grondboontjies, kafferkoring, sonneblomme en kasteroliesaad word hier geproduseer. Die gebied is ook bekend vir veeteelt.

BLOEMHOF

Hoogte 4,042 voet (1 232 m). Bevolking (1967): Blankes 1,700, alle rasse 6,274. Hierdie sentrum was in 1910 die toneel van 'n groot diamant-stormloop, en in die twintigerjare het 10,000 mense op die delwerye gewoon. Sommige van die ou gruishope kan van die spoorlyn af gesien word. Daar word beweer dat as prospekterdery in Bloemhof toegelaat sou word die hoofstraat 'n fortuin aan diamante sou oplewer.

Die wal van die Oppermandsdrifdam, net onderkant die samevloeiing van die Vaal- en Vetrivier naby die dorp, is langer as drie myl (4.83 kilometer), die langste damwal in die Republiek.

'n Ongewone kenmerk van die wal is dat 1,000 voet (305 m) daarvan in

die rivier van beton gebou is, terwyl die oorblywende gedeelte aan beide kante bestaan uit grondwalle wat met beton bedek is.

VEERTIEN STROME

Hoogte 3,962 voet (1 208 m). Hierdie belangrike spoorwegaansluiting word so genoem omdat die Vaalrivier hom hier in veertien strome verdeel. Die rivier vorm hier die grens tussen Transvaal en die Kaapprovinsie.

WARRENTON

Hoogte 3,930 voet (1 198 m). Bevolking (1967): Blankes 2,600, alle rasse 5,980. Hierdie dorpie is vernoem na sir Charles Warren as erkenning vir sy dienste om die omstrede grens tussen Griekwaland-Wes en die Oranje-Vrystaat vas te stel.

KIMBERLEY

Hoogte 4,012 voet (1 223 m). Bevolking: Blankes 29,010, alle rasse 95,210. Die naam Kimberley sal altyd vereenselwig word met diamante. Diamante is in 1871 hier ontdek en die daaropvolgende stormloop het spoedig 'n uitgebreide mynkamp tot gevolg gehad wat in die loop van die jare ontwikkel het tot 'n mooi stad. Die onreëlmatigheid van die stadsuit-leg is 'n erfenis uit die tyd toe die paaie tussen die delwersgate deur gekronkel het.

'n Nalatenskap wat jaarliks deur duisende toeriste besoek word, is die „Groot Gat” naby die stad. Hierdie oop myn vorm ruweg 'n sirkel met 'n middellyn van ongeveer 1,000 voet (305 m), 'n omtrek van bykans 'n myl